Sake24

Druk

Dis nie nou die tyd vir gulsig wees

2009/10/17 11:52:00 PM

Riana de Lange

Port Elizabeth. - Werknemers moet in die huidige ekonomiese omstandighede realistiese salarisverwagtinge stel terwyl die wêreld en Suid-Afrika gereed maak om uit die resessie te kom, sê kenners.

Hoewel daar aanduidings is dat die resessie tegnies aan die draai is, kan dit maande of selfs jare duur voordat Suid-Afrika die soort groei ervaar wat van ontwikkelende ekonomieë vereis word, sê me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van die werwingsgroep Landelahni.

Wêreldwyd kan ook verwag word dat streng korporatiewe beheer toegepas sal word om die uitwerking van gulsigheid te versag, en dít kan salarisse terughou, verduidelik sy.

Burmeister sê in dié opsig het jong beroepslui nie die skokgolwe van die wêreldwye ekonomiese krisis vrygespring nie.

Daar is 'n nuwe werkmag, tot in hul middel dertigs, wat vinnig in hul loopbane gevorder het tot op uitvoerende bestuursvlak in 'n mark gekenmerk deur vaardigheidstekorte. Dié mense het nog nie voorheen 'n groot resessie beleef nie en die huidige omstandighede is soos koue water in hul gesigte. In die bloeitydperk, het jong beroepslui gewoond geraak aan baie groot salarisse. In Suid-Afrika is die situasie vererger deur die premie wat geplaas is op voorkeurkandidate van die regte geslag en rasgroep.

Dit was 'n tyd van oorvloed vir werknemers en salarisverwagtinge het die hoogte in geskiet. Nou is dit tyd vir 'n meer realistiese benadering, waarsku Burmeister.

Die webwerf www.employmentwebsites.org het die uitvoerende hoof van Beyond.- com, mnr. Rich Milgram, vroeër vanjaar aangehaal dat nuwe gegradueerdes in die VSA realisties, geduldig en buigsaam moet wees wanneer hulle werk soek. Daar is meer mededinging in die arbeidsmark omdat baie mense hul werk verloor het en nuwe skoolverlaters bykom.

Terwyl gesoute beroepslui laer salarisse aanvaar, moet gegradueerdes hul verwagtinge temper en bereid wees om 'n laer begin-salaris te aanvaar in die huidige marktoestande, het hy gesê.

Burmeister glo ook jong beroepslui moet hul verwagtinge afskaal. Wanneer jy deel was van afleggings by jou werkplek, kan jy nie verwag om teen dieselfde salaris weer die arbeidsmark te betree nie.

Maatskappye se inkomste het gekrimp en winste is laer en daarom sal daar vir die afsienbare toekoms nie buitensporige salarisse betaal word nie. Voorts sal bevorderingsgeleenthede waarskynlik beperk wees, sê Burmeister.

Burmeister sê ook buigsaamheid is belangrik. "Kandidate wat bereid is om in 'n ander bedryf of ander geografiese ligging, soos in 'n ander Afrikaland, te gaan werk, sal waarskynlik gouer sukses behaal."

'n Graad of ander kwalifikasie is net die eerste stap op jou loopbaanpad. Om sukses te behaal, moet jong werknemers oor tyd ondervinding opdoen, sê sy.

Waar baie jonger werknemers voorheen in 'n tydperk was waar hulle "geregtig" was op 'n groot salaris, is dit nou 'n geval dat jy móét bewys dat jy sake vir die maatskappy kan inbring.

Die nuwer werkmag – Generasie X- en Y-ers (tussen 18 en 40) – het nog nooit in hul lewe soortgelyke toestande as nou ervaar nie, sê Burmeister. Waar die X-ers (laat 20's tot vroeë 40's) waarskynlik gemotiveer sal word deur kontant op kort termyn, reis en ander persoonlike aansporings (soos spa-behandelings of 'n ete by 'n moderne restaurant), is tyd vir Y-ers (vroeë 20's wat nou die arbeidsmark betree) belangriker as geld. Hulle wil veel eerder 'n buigsamer werkdag hê en 'n beter balans tussen werk- en persoonlike lewe en reageer goed op sikliese werk en posisies waar werk gedeel word. Albei groepe kan vind dat hul verwagtinge in die huidige omstandighede ingeperk word, maar beroepsmense moet sorg dat hulle hul kennis uitbrei deur opleiding en leierskap-ontwikkelingsprogramme.

"Dit is nou meer as ooit tevore die werknemer se verantwoordelikheid om in sy/haar eie vaardighede te belê, want jy is jou eie beste belegging," sê Burmeister.

“Jou vaardighede sal vir jou ’n ekwivalente beloning in die arbeidsmark verseker.”